
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17



Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Geseënd is die man wat op die Here vertrou!
(Jer. 17:7)

Die Goeie Nuus is dat ongeag jou huidige probleem, wat dit ook al mag wees, Jesus het die oplossing daarvoor. Hy is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid, en die wonderwerke want Hy in die verlede gedoen het, doen Hy nog steeds – ons sien dit elke dag! Hy leef, en omdat Hy leef, hoef ons nie moed op te gee nie, want in Jesus is daar vir ons altyd oorwinning in enige situasie. Wat wel nie hierdie oorwinning bring nie is wanneer 'n gelowige byna permanent op moedverloor se vlakte is in plaas daarvan dat sy woorde en lewenshouding **'n geur van die lewe tot die lewe is, is dit eerder 'n reuk van die dood tot die dood! (2 Kor. 2:14-17)** Glo ons werklik dat Jesus, skepper van die aarde en die heelal ons probleem, ons omstandighede kan oplos? Laat ons 'n bietjie saam gesels oor die situasie hoe 'n gelowige dit behoort te hanteer en dan suksesvol daaruit te kom.

Matt. 17:14-20: En toe hulle by die skare kom, gaan daar 'n man na Hom en val voor Hom op die knieë en sê: Here, ontferm U oor my seun, want hy is maansiek en ly swaar; want dikwels val hy in die vuur en dikwels in die water. En ek het hom na u dissipels gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie. Toe antwoord Jesus en sê: O ongelowige en verdraaide geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra? Bring hom hier vir My.

Daarop bestraf Jesus hom; en die duiwel het van hom uitgegaan, en die seun het gesond geword van daardie uur af.

Toe kom die dissipels na Jesus afsonderlik en sê: **Waarom kon ons hom nie uitdryf nie? En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! En hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.**

Ons tref hier 'n man aan in groot nood. Sy seun is duiwelbesete en siek. Hy kry onbeheerde aanvalle. Hy het sy seun na Jesus se dissipels gebring vir handoplegging en genesing, want hy weet van hulle gehoorsaamheid en dat hulle baie nou wandel met hulle Meester Jesus. Hierdie dissipels het vir die seun gebid en bedien soos Jesus hulle geleer het. MAAR NIKS HET GEBEUR NIE, en hulle was sekerlik moedeloos.

Maar toe kom Jesus op die toneel en ALLES VERANDER! En dis altyd só wanneer ons Hom in ons omstandighede betrek, daarom verwonder ek my altyd dat gelowiges eers oral anders rondskarrel en hulp probeer kry in hulle laagtepunt vir hulle probleme in plaas van JESUS TE BETREK heel van die begin af. Veral as dit kom by genesing: alle moontlike mediese en menslike hulp word eers ingeroep (en glo my, ek het NIKS teen dit opsigself nie!) Dan, as die genesing vir die siekte nie deur mense bewerkstellig kan word nie, kom hulle en probeer die Here! waarom was die oë nie in die eerste plek opgeslaan na die hemele toe nie? **(Ps. 121:1)** Wat van diegene wat in desperaatheid bel en moedeloos oor die telefoon vra: "Sal julle asb. vir my bid vir genesing – ek is al só lank siek ". As jy dan vra of die persoon 'n gelowige is, is die antwoord bevestigend. Maar as jy sou vra of iemand al vir hulle genesing gebid het met handoplegging **(Mark. 16:16-18)** of met die salwing van olie **(Jak. 5:14),** dan is die antwoord – nee! En as jy verder uitvra waarom nie, aangesien dit tog is wat die Bybel (die Woord van die Here in wie hulle sê hulle glo) aanbeveel vir 'n siekte, dan sê hulle maar hulle kerk glo nie daarin nie! Glo my, dis dan wanneer ek persoonlik voel om my hande in die lug te gooi in moedeloosheid!

Jesus het op die toneel verskyn en die maansieke-seun se vader het voor Hom op die knieë geval en gesê: **Here, ontferm U oor my seun, want hy is maansiek en ly swaar … en ek het hom na U**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Geseend is die man….)

dissipels (gelowiges) **gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie (vers 15 en 16).**

Vers 18: Daarop bestraf Jesus hom (die demoon in die seun) en die duiwel het van hom uitgegaan, en die seun het gesond geword van daardie uur af. Jesus is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde: VANDAG NOG VERANDER HY SAKE as Hy in 'n situasie ingebring word en depressie, spanning, moedeloosheid en terneergedruktheid verdwyn **(Hebr. 13:8).**

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld (Matt. 13:8).

Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie (Heb.13:5).

Miskien is jy vandag op 'n laagtepunt, sommer heel onder in die dieptes. Jy is siek in jou liggaam en genesing ontwyk jou al die tyd. Of miskien is jou huweliksmaat net onmoontlik en jy bid al soveel jare vir sy/haar bekering en jy voel net jy kan nie meer langer in hierdie omstandighede aangaan nie. Of jou seun is 'n uiterste rebel en jy kan net nie 'n deurbraak kry met hom nie, tog het jy hom so toegewyd grootgemaak in die weë van God. Of julle is besig om finansieel onder te gaan en enige dag gaan die skuldeisers op julle toesak.

Ek bring dan vandag met groot oortuiging en vrymoedigheid aan jou DIE OU – OU TYDING nl. Dat jy die Here se onveranderlike Woord nodig het in jou donker diepte, want Jesus het Self gesê: **Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe …… (Joh. 14:6).**

Nou sal jy dalk vir my sê dat jy al so hard probeer het, Jesus IS die Middelpunt van jou lewe en Sy Woord is lewendig binne-in jou. Halleluja vir so 'n belydenis! Kom ons doen dan so 'n bietjie verder huiswerk en vra Hom vir insig en wysheid.

Hoe lyk jou persoonlike lewe? Vir my persoonlik val die Here se Woord se soeklig altyd eerste op **Mark. 11:25: En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.**

Onvergifnis verhinder beslis ons gebede, en dit word deur Petrus beklemtoon in die huwelik.

Lees gerus 1 Petrus 3:7 en let op dat as 'n man nie sy vrou die nodige eerbied en agting betoon nie, sy gebede verhinder sal word. Net so ook vir die vrou teenoor die man: daardie hoofstuk beklemtoon 'n heilige lewenswyse en gehoorsaamheid aan haar man vir die vrou. As sy nie so lewe nie, geld 1 Pet. 3:7 ook vir haar. As 'n man egter nie hierdie onderdanigheid van sy vrou ontvang nie, loop hy dikwels met ONVERGIFNIS in sy hart rond teenoor haar vir haar optrede teenoor hom, en die vrou wat nie met agting deur haar man behandel word nie, VERGEWE HOM NIE daarvoor nie. Dis 'n bose kringloop en ONVERGIFNIS is die euwel en mense se gebede word verhinder! In **Matt. 6 verse 14 en 15** lees ons: **Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.** Deur om ander nie te vergewe nie, handig ons onsself oor aan die pynigers. Lees **Matt.18:15 tot 35.** (Die krag van vergifnis.)

Dis sekerlik een van die redes waarom ons in die Nuwe Testament lees dat die Vroeë Christene DAAGLIKS nagmaal geneem het. Voor hulle kon nagmaal neem moes hulle ONVOORWAARDELIK hulle medemens VERGEWE en so was hulle gestig en opgebou deur die nagmaal en hulle gebede was verhoor! Lees asb. weer ons boek die NAGMAAL EN GENESING met erns, en let op hierdie mees belangrike saak. Let op **Ef. 4:32: Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.** So, as ons gebede nie verhoor word nie, is die beste beginpunt om 'n antwoord hiervoor te vind, ons persoonlike lewens. Dawid het dit sekerlik geweet, want hy roep uit in **Ps. 139:23 en 24: Deurgrond my, O God, en ken my hart toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!**

Paulus skryf aan die Efesiërs: **en gee aan die duiwel geen plek nie (Ef. 4:27).** As hy 'n plekkie kry steel, slag en vernietig hy **(Joh. 10:10)**.

Volgens die Bybel beskerm die Here Sy kinders **(Ps. 91).** Die Bloed van Jesus bedek jou. Hy trek voor jou uit en Sy Ewige Arms is onder jou. Net goedheid en guns sal jou volg al die dae van jou lewe – EN DIS ALLES WAAR! Maar die vrug van die vlees in jou lewe kan Satan 'n plek in jou lewe gee om af te breek. Beywer jou vir die vrug van die Gees in jou lewe. Ek haal **Gal. 5:16-26** aan: laat hierdie Woordsoeklig jou diep binnedring! **Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie. En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.**

Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie. Maar die wat aan Christus behoort, het vlees met hartstogte en begeerlikhede gekruisig. As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie.…. Laat die son nie

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Geseend is die man…)

ondergaan oor julle toorn nie (Ef. 4:26).

Die Here moedig ons aan in **1 Kor. 11:31** om onsself te beoordeel; daarom is SELFONDERSOEK en REGSTELLENDE AKSIE voortdurend belangrik in ‘n Christen se lewe, veral as jou gebede nie verhoor word nie en moedeloosheid dreig om jou in ‘ wurggreep te kry.

Is die Woord van die Here werklik nog sentraal in jou lewe?

Daar is ‘n teks in **Rom. 10:17** wat ‘n Christen maklik verby kyk. Dit sê: **Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.** Waarmee kan ons ons geloof die sterkste opbou? DEUR DIE WOORD – DIE BYBEL!! Ander mense se getuienisse en geskrifte kan baie inspirerend wees, maar dis wanneer die Bybeltekste vir jou LEWEND word en die Gees van die Here hulle in jou inbrand en verseël, dat geloof diep binne-in jou onwankelbaar word en groei en groei!

God is geen man dat Hy sou lieg nie; of ‘n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? (Num. 23:19)

Maak dus seker dat jy dikwels met die Here se Woord omgaan om Sy opdragte en gebooie vir jou lewenswyse as Sy Kind te ken en uit te voer, maar veral ook om Sy Wil en Beloftes vir JOU, wat Hy ook liefhet met ‘n Ewige Liefde **(Jer. 31:3)** vas te gryp en jou geloof daarmee sterk te hou. Dis altyd so jammer as daar vir ‘n gelowige gebid word en aangemoedig word met die Here se Ewige Beloftes, dat hy teruggaan na familie en vriende en kerkgangers, wat dikwels nie eers een van die Here se beloftes kan kwoteer nie, en net onkundig vroom oor elke sataniese aanval wil uitroep: “Dit is seker die Here se Wil!” Ons wil jou dus aanmoedig Geliefde, om saam met gelowiges te verkeer wat GELOOF IN EN KENNIS VAN SY WOORD het, sodat jou geloof daardeur bemoedig kan word. Onthou **Rom. 10:17:Geloof kom deur middel van die Woord! Hoe klink jou eie woorde?** Ja, ek weet maar alte goed dat die Kerk ‘n geweldige oordosis gehad het van die “positive confessions – mind over matter ” en “name it, frame it and claim it”. Jy weet dat ons dit al dikwels in ons nuusbriewe as demonies en selfs okkulties ontbloot het. Maar, daar is tog ‘n baie geldige beginsel volgens die Bybel wat ons nie moet miskyk nie, en dit is wel die mag en invloed van die mens se tong. **Jak. 3** deel uitmuntend hieroor en die wyse Salomo het geskryf: **Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet (Spr. 18:21).**

Markus het ook Jesus se eie Woorde aangehaal: **“Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê” (Mark. 11:23).**

Is jou intellek dalk die struikelblok? Dit klink sekerlik na ‘n eienaardige vraag, maar dis ‘n feit dat om te glo, as die omstandighede voor jou oë vir jou heeltemal die teenoorgestelde toon, moet jy eintlik TEEN JOU INTELLEK GLO! As ‘n man aan ‘n ongeneeslike kwaal ly en ek sien hoe siek hy is en ek weet dat volgens die wetenskap daar nie vir hom genesing is nie, mag ek nie dat my geloof in Jesus se Alvermoë om te kan genees, deur my kop kennis beïnvloed word nie. My intellek moet nou tweede viool speel, want die Woord is baie duidelik dat wanneer jy na Hom toe kom met jou gebedsversoeke en jy twyfel, is jy soos ‘n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word en jy sal NIKS ontvang nie **(Jak. 1:6-7).**

Dan lees ons in **1 Kor. 1:20: Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?**

1 Kor. 1:18: Want die Woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God.

Dis aan die Kruis waar daar deur Jesus se Bloed vir ons verlossing van sonde en die ewige dood gekom het, en waar daar deur Jesus se Wonde vir ons liggaamlike genesing gekom het. Vir die wêreld en die intellek was die Kruis ‘n plek van uiterste nederlaag en mislukking, maar vir die gelowige is dit die KRAG VAN DIE HERE waar vir ons, Sy Kinders, oorwinning behaal is!

1 Kor. 1:27: Maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam, en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam.

Heb. 11:1: Die geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Jou sintuie en intellek moet op die agtergrond bly wanneer daar met die Almagtige Here gedeel word. …. **En alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde (Rom. 14:23).** Al lyk die saak in jou lewe hoe hopeloos, al voel jy hoe terneergedruk, onthou dis jou emosies en intellek wat in die gedrang is: JY IS ‘N GELOOFSMENS! God gaan vir jou gee VOLGENS JOU GELOOF!

Hoe dikwels loof en prys jy die Here vir Sy goedheid en jou gebede wat Hy verhoor het?

Markus 11:24: Daarom sê Ek vir julle Alles wat julle: in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry. Wanneer jy bid moet jy glo dat jy ontvang wat jy vra, nie wanneer jy ontvang nie! Met ander woorde, wanneer jy klaar gebid het, begin die Here reeds loof en dank vir dit wat Hy begin het om vir jou te doen, want hy het mos gehoor toe jy gevra het! As JY GLO dat Hy gehoor het toe jy gebid het, kan jy mos reeds begin dankie sê! Hierdie is ‘n baie belangrike beginsel om te begryp, want dit verander ‘n mens se hele benadering tot gebed. **Psalm 100 vers 4** verduidelik baie mooi hoe ons in die teenwoordigheid van die Here moet kom. **Gaan Sy poorte in met lof, Sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys Sy Naam.** God bewoon die lofsange

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Geseend is die man….)

van Sy volk **(Ps. 22:4).**

As jy dus altyd in Sy Teenwoordigheid wil wees, loof en prys Hom. Ek glo dat die teenoorgestelde ook waar is, nl. dat die Here vermy die murmurering van Sy volk! As jy dus voel dat Hy VER van jou af is, begin om Hom te loof en prys! Ons het almal soveel om voor dankbaar te wees teenoor ons Verlosser Jesus en tog vind ons dit baie makliker om al sugtend en klaend deur die lewe te gaan, beslis nie 'n gesindheid wat tot die eer van Sy Naam is nie! As jy dus op moedverloor se vlakte is, begin om Hom te loof en prys en ondervind self wat gebeur. Prys Hom IN die omstandighede en nie VIR die omstandighede nie. Soos ek aan die begin gesê het, is moedeloosheid ons almal se voorland een of ander tyd. As ons egter Jesus opnuut in ons situasie betrek, en ons let opnuut op die punte wat ek genoem het, glo ek dat jy nie lank daar in die diepte sal bly nie.

Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie (Jer. 17:7-8).

In **Dan. 3 vers 16–18** lees ons van Sadrag, Mesag en Abednego wie deur Nebukadnèsar in die brandende vuur oond gegooi was omdat hulle nie sy god wou aanbid nie. Maar nieteenstaande het hulle sterk bly staan in hulle geloof en geantwoord: **As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.** Ons lees in vers 25 en 26 van dieselfde hoofstuk hoe die Here Jesus saam met hulle in die vuuroond was en hoe Hy hulle bewaar en gered het. Habakuk se gesindheid het my al baie kere geïnspireer, want hy het NIETEENSTAANDE sy ellende, die Here geloof en geprys. Probeer dit gerus en let op die wonderlike resultate!

Hab. 3:17-19: Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie-nogtans sal ek jubel in Die Here, ek sal juig in die God van my heil. Die Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos diè van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes. ¨ ●

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

Deut. 28:4: Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam… Die Bybel vertel dat Jesus se speeksel 'n blinde man genees het **(Mark. 8:23–25)**, Petrus se skaduwee het die siekes genees **(Hand. 5:15)**, en sakdoeke en voorskote van Paulus se liggaam het bose geeste en siektes uitgedryf **(Hand. 19:11–12)**. Dit sê vir ons dat wat vanaf ons liggame kom, so geseënd kan wees dat dit seëninge en wonderwerke vir ander kan bring.

Inderdaad het God gesê: "Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam ..." Hy het nie net na jou kinders verwys nie, of Hy sou eenvoudig gesê het: "Geseënd sal jou kinders wees." Nee, God het bedoel dat alles wat van jou liggaam af kom geseënd sal wees. Alles wat van jou liggaam af kom sal van top gehalte wees!

Dit sluit jou gesondheid in. Dus selfs al het jou dokter gesê dat jy 'n sekere mediese toestand in jou liggaam het, glo net dat God jou gesondheid, die vrug van jou liggaam, geseënd noem. En verwag dat jy aanhoudend in goddelike gesondheid wandel!

God noem jou denk vermoë, die vrug van jou liggaam, ook geseënd. Jy sal jou onderwysers en skoolmaats in jou skool beïndruk met jou verstandelike vermoë of jou hoofde en kollegas by die werk met jou innoverende idees en oplossings. Jou verstandelike vermoëns sal uitstaande wees!

As jy getroud is, sal jy 'n werklike geseënde huwelik geniet en 'n vol lewe met jou huweliksmaat hê. God noem jou huweliksverhouding (beide die emosionele en fisiese deel daarvan), die vrug van jou liggaam, geseënd!

As jy 'n ouer is, noem God jou kinders, die vrug van jou liggaam, geseënd. Dit beteken dat hulle spesiaal is, met uitstaande kwaliteite. Dus, die kind wie jy versorg is nie net 'n kind nie. Jy hou 'n kampioen in jou hande. Hy sal opgroei om 'n generaal in God se koninkryk te wees!

Geliefde, omdat Jesus die prys betaal het – Sy liggaam was geslaan, gegesel en deurboor vir jou, is al hierdie seëninge joune. Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam!

The Effect of God's Word on your Marriage

A Marriage may be made in heaven, but the maintenance must be done on earth.

Nevertheless let every one of you in particular so love his wife even as himself; and the wife see that she reverence her husband (Eph. 5:33).

The Word of God has two purposes and they are certainly applicable to your marriage. The first is TO DIRECT AND INSTRUCT and the second is to BRING TRUTH AND LIFE.

1. **To give DIRECTION and INSTRUCTION:** The Bible is the blue-print for every person to follow not only to gain Eternal Life, but also to live peacefully and victoriously in this life. There is not one area of our lives about which God does not give specific directions, and that includes marriage and everything pertaining to it. Every believer should study God's Word to find out how he/she should act before and during marriage. The reason for our high divorce rate is because the majority of marriages are conducted according to the world's standards. Find out how God wants you to live either as a single or married person and His results are guaranteed. He is the author of marriage after all. Some marriage counsellors give very sound advice, but if their advice does not line up with God's Word, it will not work. No man or woman can find true happiness in divorce, as it is AGAINST HIS WILL. Often people who take the wrong advice argue as follows: "But the Bible does say that Moses gave letters of divorce to the Israelites under certain conditions, and therefore divorce is sometimes justifiable, depending on the circumstances."

Let us read **Matt 19:3-8: The Pharisees also came unto him, tempting him, and saying unto him. Is it lawful for a man to put away his wife for every cause? And he answered and said unto them. Have ye not read that He which made them at the beginning, made them male and female, and said, For this cause shall a man leave his father and mother, and shall cleave to his wife; and they twain shall be one flesh? Therefore they are no more twain, but one flesh. What therefore God hath joined together, let no man put asunder.** Not even if that man is your counsellor, minister, or best friend.

They say unto Him, why did Moses then command to give a writing of divorcement, and to put her away?

Jesus is saying in verse 8: **Moses allowed you to divorce your wives BECAUSE OF THE HARDNESS OF YOUR HEARTS, BUT FROM THE BEGINNING IT WAS NOT SO.From the beginning God joined man and woman together so that no man would separate them.** From the beginning divorce was not God's will. *It is essential* that a believing young man or young woman make a thorough study of God's plan for marriage.

If you are already married and things are going wrong, it is time for you to study the Bible once again and ascertain if you and your wife/husband are still conducting your marriage according to God's Word or if the standards of the world have become the norms of your relationship. The solution does not lie in exchanging your marriage partner for a new one (we've seen people go through two, three and four marriage partners and still remain unfulfilled). The answer is to work at your marriage without compromise. We have on the other hand seen many marriages which seemed to have NO FUTURE WHATSOEVER, be restored to where the husband and wife have testified that they are more in love and happier now than they'd ever been on honeymoon, when they did it God's way.

What happens when the Wife initiates a Divorce?

She gets out from under God's chosen protection and exposes herself to unnecessary temptation.

Part of the meaning of submission is "to get under the protection of ". "When wives are told by God to "submit to their own husbands" **(Ephesians 5:22; I Peter 3:1)**, He is basically saying, "Wives, get under the protection of your husbands. "No matter how inadequate a husband may be, he is God's ordained means of protection and thus a safer "umbrella of protection" than a wife will have when she gets out from under his authority. Some of the problems Satan might bring into her life include: worry, envy, jealousy, fears, bitterness, wrong decisions, stubbornness, insecurity, selfishness, guilt and anxiety.

She releases her husband from the pressure of God.

A husband's conscience is greatly relieved when he can tell other people that his wife didn't

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - The Effect of Gods …..)
understand him and decided to divorce him. Note the pressure that God places on any husband who puts away his wife, especially when she has a submissive attitude **(Malachi 2:13-15).**

She establishes a divorce pattern for her children.
Rather than demonstrating to her children that marriage is a relationship "till death do us part," she is saying in effect, "If marriage doesn't turn out the way you want it to be, you can always end it."

She frees her husband to damage another woman's life.
A divorced man can easily convince another woman that if his former wife had had *her* qualities the marriage never would have broken up. But the basic character deficiencies God was trying to reveal and correct in him by his first wife's reaction will only be repeated in his new marriage.

She allows the enemies of the Lord to revile God and justify themselves.
Throughout the country divorce is becoming something that is readily accepted. When people hear of various couples getting divorces, it only assures them that divorce is an acceptable way of dealing with problems. When Christians get divorced, it removes guilt from others who are contemplating it.

She reveals a dominant will in herself. She instils rebellion to authority in her children.
In order to justify her divorce, she must reject the divine position of her husband and focus attention on his human personality. Her children are then taught to do the same to her and others in authority.

She establishes a temporal value system.
By divorcing her husband, she is saying that a relationship which lasts only for a time is more important than developing character qualities which last for eternity. The very pressures of the marriage were God's means to develop these character qualities in her, her husband, her children and others in her world. In light of this a wife must view her marriage as only a dress rehearsal for the real marriage in heaven. Bitterness or anxiety over the financial settlement will further demonstrate a temporal value system to children.

She confirms that her basic motives were getting, not giving.
The essence of love is giving to the basic needs of others without motives of personal gain. A divorce reveals that her focus was on expectations that he did not fulfil, rather than on giving to his needs.

She denies her children the heritage of observing a Godly response to suffering in trials.
When a mother suffers for doing right, she develops and demonstrates Godly qualities. These not only have the power to win her husband **(1 Peter 3: 1-6)** but also teach her children to respond to suffering. **(1 Peter 2: 18-24).** More is instilled in a child by example than is learned by instruction.

She forces her children to take sides.
One of the basic purposes of a family is to build loyalty. When a father and mother have conflicts with each other, the children are divided in loyalty and prompted to take up offences against one or both parents.

She risks having her children resent her for removing their father.
Because children need a father and because they see things more objectively as they grow up, they will tend to forget or minimise their father's failure and blame their mother for taking away their father from them.

She creates an atmosphere of deep loneliness for herself or her children, which tends to result in a new marriage and a new series of problems.
A divorced woman's need for protection, security, companionship and authority for the children are strong factors prompting her to rationalise a remarriage.

The second purpose of God's Word in your marriage is:

2. **<u>To bring TRUTH and LIFE</u>**: The Word of God GIVES life and CHANGES lives. **Is 55:11** tells us: **So shall my Word be that goeth forth out of my mouth it shall not return unto me void, but it shall accomplish that which I please, and it shall prosper in the thing where to I sent it.**
Jer. 1:12 …… for I will hasten my Word to perform it.
These Scriptures make us realise that there is supernatural power in God's Word, but when does it operate? When it is BELIEVED with the heart and CONFESSED (spoken) in faith by a child of God. Without FAITH God's words can be repeated hundreds of times, but they will remain powerless. **Prov. 18:21** says, **Life and death are in the power of the tongue. Mark 11:23** tells us, **For assuredly, I say to you, whoever says**

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - The Effect of Gods ...)

to this mountain, Be removed and be cast into the sea, and does not doubt in his heart, but believes that those things he says will come to pass, he will have whatever he says.

When you speak ABOUT your spouse, do you speak words which produce LIFE?

Instead of criticising, belittling, nagging or breaking down with your words, start speaking THE WORD OF GOD into the situation and circumstance, and you can expect your husbands or wife's attitude and actions to change.

Let us look at this in the practical.

2 Pet 3:9: The Lord is not slack concerning his promise as some men count slackness; but is long-suffering to us-ward, not willing that any should perish, but that all should come to repentance.

Eph. 4:32: And be ye kind one to another, tender-hearted, forgiving one another even as God for Christ's sake hath forgiven you.

Gal 5:22 & 23: But the fruit of the Spirit is love, joy, peace, long-suffering, gentleness, goodness, faith, meekness, temperance.....

You may have always referred to your husband or wife as follows: "My husband is unsaved and stubborn. He is impatient with me and with the children and sulks for weeks if we offend him in anyway. He is restless and unloving and when he is around we are all nervous. He has even been unfaithful to me."

The three promises quoted tell a different story, and your task now is to begin PRAYING, PROCLAIMING and BELIEVING THE WORD about your husband or wife, by FAITH.

"I believe that my husband is going to be saved, because that is God's will for him. He is going to become loving and kind. I expect to see love, joy, peace, long-suffering, meekness and self-control in him and I believe that he will never be unfaithful again." If there is expectancy and faith in your heart for God's Words to produce life and change, God will honour your faith! And you will see results in time as you pray these promises back to God.

Go to your bedroom and take a seat on his/her side of the bed, and proclaim the above words. Sit down on his/her favourite chair and at his/her place at the table, and proclaim those words. Proclaim them to the LORD. Proclaim them to YOURSELF, proclaim them to THE WORLD, and to the DEVIL. BELIEVE them and persevere, even though the actual circumstances don't seem to change immediately. God will honour your faith! It's God's spoken Word that will change him by His Holy

(Continued on page 8)



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Het jy vandag 'n wonderwerk van God nodig? Ons lees in **Joh. 11:40: Jesus sê vir haar: Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?**

God, wie die Skelfsee gekloof het, manna uit die hemel laat reën het, wat veroorsaak het dat die mure van Jerigo geval het, die leeus se bekke gesluit het, die siekes genees het, dooies opgewek het en die storm op die see stil gemaak het, doen vandag nog steeds wonderwerke.

Tog twyfel sommige Christene dat God vir hulle vandag 'n wonderwerk wil doen. Hulle glo dat daar wonderwerke was toe Jesus op die aarde gewandel het, maar hulle glo dat die tyd van wonderwerke verby is. Hulle praat hoe alles eendag in die hiernamaals volmaak sal wees. God wil egter hê dat ons moet weet dat Hy steeds vandag die God van wonderwerke is. Martha was soos een van daardie Christene. Sy het gewonder of Jesus 'n wonderwerk kon doen toe haar broer Lasarus gesterf het. Teen die tyd toe Jesus op die toneel verskyn het, was Lasarus reeds vier dae dood. Dus het sy gedink dat Jesus vier dae te laat was. Dit is waarom sy gesê het**: "Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie" (Joh.11;21).** Selfs toe Jesus gesê het dat Lasarus weer sou opstaan, het sy gesê: **"Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag" (Joh.11:24).**

Martha het geglo dat Jesus wonderwerke in die verlede kon doen en dieselfde in die toekoms kon doen, maar sy het nie geglo dat Hy 'n wonderwerk vir haar kon gee toe sy dit op daardie oomblik nodig gehad het nie. Jy sien, Martha was iemand wat met die wens geleef het dat die verlede verander kon word en geglo het dat die toekoms beter sou wees. Sy het egter nie geglo dat die "Ek Is" daar was om in haar huidige behoefte voorsien nie. Vandag staan God op die punt van jou behoefte. Wat se wonderwerk het jy van Hom nodig? Glo dat Hy steeds vandag nog dieselfde wonderwerkende God is. Glo dat jy die heerlikheid van God sal sien. Glo en jy sal jou wonderwerke sien.

Baie dankie, diep uit ons harte, vir jul kosbare liefde, gebede en ondersteuning vir die Here se werk hier vanuit die Stanger Christelike Sentrum, wat ons in staat stel om siele te wen en dissipels te maak vir God se Koninkryk.

Wees verseker van ons gebede en liefde vir elkeen van julle spesiale persone vir God en vir ons! Ons bid dat God julle Sy wonderwerke sal laat ondervind!

Liefdegroete

Meg en die Gebedspan

(Continued from page 7 - The Effect of Gods ...)

Spirit, because you have chosen to believe Him.

I like the example of Jacob's faith of which we read in the Bible. We know how Jacob loved Rachel and how he had to work for his future father-in-law for seven years before she was given to him. On the wedding day he was tricked by his father-in-law and was given Leah, her sister, as his bride. He had to work seven extra years for Rachel. We can safely assume that Jacob did not love Leah at the outset of their marriage. Tradition has it that Leah was not even a pretty girl. Yet, we read that when Jacob died, he was buried with Leah - not with Rachel. Remember, these old fathers nearly always knew when they would pass on to be with the Lord and would give instructions as to where they wished to be buried. According to Eastern customs of that time, a man was buried next to the wife of his first choice. Jacob chose to be buried next to Leah - did he eventually love her more than Rachel? Because of Godly choices Jacob made, God gave him a real love for Leah. Love is not a feeling, but an act of our will. A choice!

Sometimes it takes a LONG time to see how the Promises of God manifest in the life of your beloved, however, ***God is not a man that He should lie. Has He said, and will He not do it? Or has He spoken, and will He not make it good.*** **(Num. 23:19)** In fact, HE MAKES HIS WORD COME TRUE **(Jer. 1:12)**, therefore you can trust Him wholeheartedly to perform His Word, in YOUR circumstances, no matter how bad and irreversible they may seem.

Two Bible characters, whose lives demonstrated the principle of patient WAITING for the manifesting of God's Promises, were those of Abraham and Caleb. Abraham had to wait 25 years for Isaac to be born. Isaac was the son of the promise which God had made to Abraham a quarter of a century before Isaac's birth.

Caleb, Joshua's co-spy, had to wait 40 years before he could possess the mountain in Hebron which Moses promised him according to God's instructions. I am writing these examples not to DISCOURAGE you, but to ENCOURAGE you! Regardless of how many days, weeks, months, or years may pass, HOLD ON TO THE PROMISES OF GOD!

The book of Hebrews encourages us in **Heb.10:35 and 36**: **CAST NOT AWAY THEREFORE YOUR CONFIDENCE, WHICH HATH GREAT RECOMPENSE OF REWARD, FOR YE HAVE NEED OF PATIENCE, THAT AFTER YE HAVE DONE THE WILL OF GOD, YE MIGHT RECEIVE THE PROMISE.**

There are many verses in the Bible which you can proclaim and pray over your husband/ wife, if FAITH is in your heart. The same applies to your children, but remember that, proclaiming Scripture verses by heart must not become a "magic chant". God's Word must come from a believing heart and a life which is dedicated and obedient to Jesus Christ.

It is important to remember your priorities when praying for an unsaved marriage partner who has become involved with someone else. You need to release your partner to the Lord and to be sure that the Lord is first in YOUR life. Do not make an idol of the estranged spouse, no matter how desperate you are for the relationship to be resolved. Put him/her on the altar, release him/her to God, serve the Lord with all your heart and He will honour your prayers and your faith in Him.

Is your heart set on the gift and not the giver? If so, your motive is wrong. You need to have your eyes upon the Lord Jesus Christ and develop a personal relationship with your Heavenly Father through prayer and His Word. Then as you seek first the Kingdom of God and His righteousness, all the things you need and desire according to His will, will be added unto you **(Matthew 6:33).**

If you do not have a LIVING RELATIONSHIP with your Lord, you are playing games. You may be able to fool others by your regular church attendance and religious words but when a crisis occurs, such as a failing marriage, if you do not have a REAL LIVING RELATIONSHIP with the Lord, you will go under! If, however, you know Him and serve Him, He will be your anchor. There are many women who have made idols of their husbands, just as some men have done of their wives. When put to the test, they place their partner ABOVE God and fall to pieces if they are without him/her. The truth is tough, but unless you are prepared to put your husband/wife ON THE ALTAR, to let go and let God, you actually bind that person in the spirit and God cannot bring a change in his/her life. When you release your marriage partner, by an act of your will, and no longer see him/her as your "property", only then can God make him/her HIS property. It is in the interest of your marriage to release your partner to the Lord. Do it now by an act of faith. You may feel that at present you can no longer trust your partner, - but you most certainly can **trust God with your partner.** God can, and will change the hearts of people and circumstances as you **trust Him and His Word.**

●